Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 20 Maart 1946. No. 17.

## Rusland Volhard

Die geskil tussen die Drie Grotes oor die teenwoordigheid van Russiese troepe in Persië (Iran) sal ten spyte van Russiese pogings om dit te voorkom, te berde gebring word op die Veiligheidsraad wat op 25 Maart weer sit. Rusland het Persië gedreig met 'n nota dat hy die voorlegging van die geskil aan die Veiligheidsraad as 'n onvriendelike stap sal beskou, en stappe dienooreenkomstig sal doen.

Die V.S.A. het egter bekend gemaak dat as Persië dit nie self voorlê nie, hy dit sal doen.

Inmiddels is berig dat die Sowjet sy troepe nog steeds versterk en dat troepebewegings ook in die rigting van Turkye plaasvind. Na deur die Persiese minister van oorlog verklaar is, is die Russiese magte reeds verdriedubbel.

Rusland het na twee weke nog nie geantwoord op die Britse en Amerikaanse nota's oor sy optrede in Persië en Mantsjoerye nie.

## *Wil Suidwes Annekseer*

**„Geskiedenis is in die volksraad gemaak" — soos die dagbladpers dit beskryf het — toe die regering en opposisie verlede Vrydag eenstemmigheid geopenbaar het ten opsigte van die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie. Die peil van die debat was uitsonderlik hoog, is verklaar.**

**Die bespreking het gevolg op 'n mosie van die H.N.P. dat Suidwes ingelyf behoort te word by die Unie, en dat die regering stappe in die rigting moet doen.**

**Genl. Smuts het geantwoord dat hy die anneksasie van die gebied sal gaan voorstaan in die Verenigde Volke-organisasie. As hy nie daarin slaag nie, sal hy probeer om die vorige mandaatstatus van die gebied gehandhaaf te kry. Die alternatief sal wees dat dit onder toesig van die V.V.O. kom, en dat Rusland dus medeseggenskap daar kry.**

## *Moeilikheid In Griekeland*

**Burgeroorlog dreig in Griekeland weens die weiering van die kommuniste om hulle te onderwerp aan die verkiesing wat op 31 Maart gehou staan te word. Hulle dring aan op uitstel.**

**Berig word dat die kommuniste hulle voorberei om hul standpunt met geweld deur te voer as pleidooie nie help nie. 'n Bevel aan kommunistiesgesinde organisasies om gereed te wees om te veg, is deur die regering onderskep.**

**Rusland hou die posisie met groot belangstelling dop, word berig.**

## *MONUMENT 'N VARKHOK*

Nie ver van die Slagtersnek-monument staan hierdie bouvallige woonhuis, vandag diensdoende as varkhok vir 'n Engelse Boer.

Onder die balke daar aangetref, is die balk waaraan Bezuidenhout gehang is, met die merke van die gate nog steeds daarin.

'n Nasionale Monument vandag 'n varkhok!

# K.G. Stel O.B.-Beleid Op Caledon

**Tussen 600 en 700 mense het verlede Saterdagaand in die Blommeskuur, Caledon, na die Kommandant-genl., dr. Hans van Rensburg, geluister. Dit was die eerste besoek van die K.G. aan Caledon.**

Die vergadering was oorspronklik gereël vir Februarie, maar as gevolg van die verkiesing wat plaasgevind het, het die O.B.-leiding dit noodsaaklik geag om die datum te verskuif tot na die tussenverkiesing om nie in te meng in die partytwiste nie. 'n Aansienlike getal persone van andersdenkende groepe het die vergadering bygewoon en vrae aan die K.G. gestel toe daar geleentheid voor gegee is.

Voordat die K.G. aan die woord gekom het, het genl. J. L. Swart en hoofgenl. Max Smuts die vergadering kortliks toegespreek en gewys op die hernude eenparige vertroue wat gedurende die Laertrek in die Kommandant-genl. gestel is om die O.B. in die sosialistiese bedeling te lei.

Die O.B.-Wag van Kaapstad en Stellenbosch, sowel as die Kaapstadse blaasorkes, het 'n lewendige aandeel in die verrigtinge geneem. Met die orkes vooraan, het die wagte deur die strate van Caledon gemarsjeer.

Nadat die vergadering finaal afgesluit was, is daar geleentheid gegee om vrae aan die K.G. te stel. Etlike persone het van die geleentheid gebruik gemaak.

### VRAE

Op 'n vraag dat indien die O.B.-lede nie vir die H.N.P. stem nie, hoe daar ooit eenheid bereik sal word, het die K.G. geantwoord dat geen party kan eis dat die volk vir hom moet stem nie, omdat die party slegs 'n deel van die volk is; 'n party kan die volk slegs versoek om vir hom te stem. Mens kan geen liefde en vertroue vir 'n party hê as hy jou uitgeskop het nie. **„Ek weet nie van een H.N.P. wat uit die O.B. gesit is omdat hy H.N.P. is nie, maar ek weet dat elke O.B. uit die party gesit is".**

Vraag: Die Nasionale Party sê hulle verteenwoordig die nasionale deel van die volk en as die O.B. nie vir hulle stem nie, sê die party die O.B. gee voorkeur aan die ander kandidaat.

Antwoord: 'n Party se strewe is die verkryging van 'n parlementêre meerderheid. „Stel u voor dat ek u uitskel en ek vra dan dat u vir my moet stem terwyl ek daar byvoeg dat ek niks van u dink nie; sal u vir my stem?"

**As die party die stem van die O.B. wil hê, sal hy probeer saamwerk. Geen H.N.P.-lid sou vir die O.B. gestem het, as die O.B. met hulle gedoen het soos hulle met die O.B. gehandel het nie.**

### WERK SAAM

Die persone wat vandag O.B. is, het altyd 'n leidende aandeel in H.N.P.-bedrywighede geneem voor die uitskopping, het die K.G. gesê. **Hy het gewys op die samewerking wat verkry kan word en verkry is in die geval van Pietersburg waar mnr. Tom Naudé die volle steun van die O.B. gehad het, en hy dit self op die H.N.P.-kongres gemeld het. „Dis tog ondenkbaar dat die O.B. 'n setel aan die regering wil gee nadat hy meer as 800 van sy lede deur die kampe en tronke gesleep het.**

(Vervolg op bls. 8, kol. 3)



# ROOI LEËR BEREI VOOR VIR ATLANTIESE KUS

**Rusland 's besig om Frankryk op te stook vir 'n oorlog teen Spanje waarin Rusland sy volle gewig sal gooi. Dit is die gevolgtrekking waartoe die Review of World Affairs geraak na ontleding van die posisie in Frankryk.**

**Die blad verklaar dat die Franse kommuniste daarop uit is om die bewind te verower hetsy deur middel van konstitusionele optrede of geweld. Vir hierdie doel probeer hulle so hard as hulle kan om die departement van binnelandse sake in hande te kry. Daar is 'n stroom van wapens wat die land binne kom. Dit word afgelewer deur vliegtuie uit die ooste. Die plan is om sodra hulle die bewind verower het, 'n ultimatum aan die Francoregering te rig om af te tree en sy bewind deur 'n kommunistiese regering te laat vervang. Weier Franco, sal Frankryk oorlog verklaar en die hulp van Rusland inroep. Die hulp sal verleen word. Met die oog op hierdie gebeurlikheid is maarskalk Koniëf besig om 'n militêre staf in te rig. Sy hoofkwartier is in Weenen en Slowakye, en daar is 'n wisselwerking tussen hom en die Franse kommunistiese party wat gedeeltelik ook met vliegtuie gehandhaaf word.**

**So 'n gebeurlikheid sal die Rooi Leër vooruit stoot tot aan die Atlantiese Oseaan en die Kanaalkus.**

## *Oliebron Vir Hollanders*

**Ryk olievelde wat 'n aansienlike bate vir die ontwikkeling van Holland sal wees, is gedurende die besetting van Holland deur die Duitse besettingstroepe ontdek. Die olievelde is naby Schoonebeek geleë. Met die Duitse terugtog is die installasies wat hulle opgerig het net so agtergelaat. Die Hollandse regering het dit so oorgeneem en is tans besig om die velde te ontgin.**

## *Lewenskoste*

Volgens 'n onlangse ondersoek wat aan die Rand ingestel is, het dit aan die lig gekom dat die lewenskoste aldaar met 70 persent gestyg het. Dit beteken dat die vooroorlogse £ vandag net die koopkrag van 11/9 besit. By hierdie ondersoek is weelde-artikels soos motors uitgesluit. Manspakke wat voor die oorlog tien ghienies gekos het, kos tans £20, damesskoene van 12/6 kos nou 50/-.

## Laat Johan Hefer

u help om Blakende Gesondheid te geniet en 'n Mooi Geboude Liggaam met Reusekrag te ontwikkel.

Leerling A. S. Louw, jnr., van Oliviershoek, Natal, skryf: „Vandat ek u kursus neem het ek nog geen verkoue gehad nie en my hoofpyne het verdwyn. My borsmaat het met 6 dm. vermeerder, my bo-arm met 3 dm., my bo-bene met 5 dm. en my kuite met 3 dm. Baie dankie vir u interessante kursus en raad."

KURSUSSE VIR MANS VAN ENIGE OUDERDOM.

APARTE KURSUS IN GESONDHEID VIR DAMES.

Skryf vandag om nadere Besonderhede.

JOHAN HEFER

Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam (Mnr., Mev., Mej.) ..........................................

Adres ..........................................

..........................................

# SY OPLOSSING VIR TEKORTE




**Genl. Smuts: „Net 'n kop korter en jy pas by die algemene tekorte".**
(Tekening deur J. Kershoff, Houtbaai, en byskrif deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

# Hoenderboere Slag Op Groot Skaal Weens Voertekort

**Die pluimveeboere in ons land is besonder swaar getref deur die skaarste aan hoendervoer. Daar is vandag weinig boere wat nie genoodsaak was om groot getalle van hulle hoenders te slag ten einde darem 'n klompie aan die lewe te hou en die boerdery op 'n manier nog betalend te maak.**

'n Verteenwoordiger van Die O.B. het met verskillende boere in die Skiereiland onderhoude gehad, en deurgaans was die inligting wat hy ingewin het van dieselfde aard. **Die meeste van hierdie boere moes reeds ongeveer van 'n derde tot 'n kwart van hulle hoenders ontslae raak.**

**'n Hoenderboer van Durbanville was reeds verplig om sedert Januarie tussen 4,000—5,000 van sy hoenders te slag en van die hand te sit omdat hy nie kos het om almal aan die lewe te hou nie.** In die maande wat verby is, het hy geen pit hawer of gars gehad om aan sy hoenders te voer nie. Hy het minstens 300 sakke mielies per maand nodig. Onder die huidige omstandighede kry hy maar net 60 sakke per maand wat nie genoeg is om sy boerdery aan die gang te hou nie. Hy het nog meer as 7,000 hoenders en sal verplig wees om meer te slag.

WANBESTUUR

Hy voel verbitterd omdat die produsente wat die mense in die stede en dorpe aan die lewe moet hou altyd die eerste die lydende party is as gevolg van wanbestuur. Hy vind dit onmoontlik om sy beperkte produkte teen die huidige prys op die mark te bring en dan 'n redelike bestaan te kan maak as hy die duur voer moet koop.

'n Ander pluimveeboer van die Skiereiland het verklaar dat hy vir sy meer as 5,000 hoenders niks anders het om te voer as meelkos. Dit is noodsaaklik, het hy gesê, dat as jy 'n gesonde hoender wil aanhou hy graankos moet kry. Ook hy het etlike honderde moes uitslag van sy stapel.

OOK LÊHENNE

'n Stiklandse boer het ons meegedeel dat van 10,000 hoenders hy meer as 3,000 moes slag om darem 'n klein gedeelte aan die lewe te hou en hulle te kan voer sodat hulle hul volle produksie lewer. Selfs lêhenne moes vankant gemaak word.

Ook die boere wat klein troppies aanhou, is swaar getref omdat hulle geen voer in die hande kan kry nie. Aan hulle word gesê dat hulle klein stapel nie 'n rantsoen regverdig nie en hulle dus niks kan bekom nie.

As die boere as gevolg van die skaarste aan hoendervoer verplig word om hulle hoenders teen hierdie tempo uit te slag, sal daar oor 'n paar maande van die 10 miljoen hoenders van die Skiereiland maar weinig oorbly.

**Die voedselskaarste word op hierdie wyse dus nog grootliks vererger. Gevoel word dat die regering vir 'n groot mate verantwoordelik is omdat hy op groot skaal mielies uitgevoer het en boonop die graanboere nie behoorlik van bemestingstowwe voorsien het nie tydens sy vergeefse oorlogspoging. Ook het miljoene sakke mielies verlore geraak weens die tekort aan trokke, wat toe gebruik is vir oorlogswerk soos steenkoolvervoer.**

## SY EIE GEWIG AAN DIAMANTE

Die Aga Khan, geestelike leier van die Ismaelitiese Mohammedane is verlede week by geleentheid van sy diamantjubileum teen sy eie gewig aan diamante geweeg — sy geskenk van sy volgelinge. Hy het 243 pond geweeg. Baie Indiese prinse was teenwoordig.

# Verteenwoordiging Van Indiërs

Verlede Vrydag het die Eerste Minister die Wetsontwerp op Indiër-verteenwoordiging en Asiatiese eiendomsreg by die parlement ingedien. Dit maak voorsiening vir die verteenwoordiging van Indiërs in die parlement, en beheer die grondbesit vir Asiate in Natal en Transvaal.

Die Indiërs van Natal en Transvaal sal twee blanke verteenwoordigers na die Senaat mag stuur. Een van hierdie lede word deur die Goewerneur-generaal benoem, en die ander een word gekies.

In die volksraad sal hulle verteenwoordig word deur drie blankes deur hulle verkies op die wyse wat die naturelle-verteenwoordigers van Kaapland verkies word.

Vir die provinsiale raad mag die Indiërs van Natal twee lede verkies. Dit is moontlik om Indiërs na die raad te stuur.

Asiate sal toegelaat word om grond aan te koop buite die bestaande gebiede as hulle in besit is van 'n spesiale sertifikaat uitgereik deur die Minister van Binnelandse Sake.

## KOFFIEFONTEIN DALK GESLUIT

Die regering is van plan om die interneringskamp van Koffiefontein binnekort te sluit, het min. H. G. Lawrence verklaar. Hy het ook te kenne gegee dat hulle voornemens is om die persone wat nog aangehou word en teen wie geen definitiewe klag ingebring kan word nie, los te laat. Die res van die geïnterneerdes sal dan na Baviaanspoort verwyder en die kamp by Koffiefontein gesluit word.

Die meeste Duitsers uit Suidwes-Afrika sal blykbaar nog lank aangehou word. Die regering oorweeg dit om die persone wat nie voor die kommissie van ondersoek moet verskyn nie los te laat.

## Indie Tree Op

Die Indiese regering het nog voor die indiening van die Asiate-wetsontwerp besluit om alle handelsbetrekkings met die Unie te verbreek. Die stap is gedoen by wyse van protes teen die voorgenome Indiërwetgewing van die Unie.

Volgens die jongste beskikbare syfers het die Unie gedurende 1944 goedere ter waarde van £10,809,168 uit Indië ingevoer. Dit is 13.4 persent van die Unie se totale invoer. In dieselfde jaar het die Unie goedere ter waarde van £10,609,477 na Indië uitgevoer. Die verbreking van die handelsbetrekkings tussen Indië en Suid-Afrika word nie deur sakemanne in 'n ernstige lig beskou nie, aangesien die wêreldhandel besig is om vinnig te verbeter en die goedere op ander markte verkry kan word.

# Uit Die Week se Nuus

**„VERBROEDERING". —** As gevolg van die „verbroedering" tussen die Amerikaanse soldate en die Japanners word dit bereken dat daar teen die helfte van Junie in Tokio alleen ongeveer 14,000 buite-egtelike kinders van Amerikaanse vaders en Japanse moeders die lig sal sien. Die Japanse speurdiens het hierdie skatting gedoen op inligting verkry van hospitale.

**DUITSERS UIT UNIE? —** Uit betroubare bron is verneem dat ongeveer 200 geïnterneerde Duitsers per trein van Baviaanspoort na 'n onbekende bestemming — vermoedelik onderweg na Oos-Afrika — vertrek het. Terwyl hulle op die Pretoriase spoorwegstasie vertoef het, is niemand toegelaat om met hulle te praat nie. Die manne was in 'n spesiale wa, toegerus met 'n eetsalon, en was goed bewaak.

**KOMMUNISTE IN LEËR. —** Alle burgers van die Verenigde State wat lede is van die Kommunistiese party sal in die vervolg nie meer offisiere in die Amerikaanse leër mag wees nie, aldus die verklaring deur die departement van oorlog. Hulle sal ook nie toegelaat word om poste te vervul waar geheime kodes by betrokke is nie.

**BRITSE KONING NA S.A.:** Die Britse koning en sy gesin sal Suid-Afrika gedurende Februarie aanstaande jaar besoek, volgens 'n amptelike verklaring wat uitgereik is. Die besoek geskied op uitnodiging van die Eerste Minister. Dit sal die koning en koningin van Engeland se eerste besoek aan 'n Dominium wees.

**GESKENKE GESTEEL:** In die afgelope tyd het daar grootskaalse diefstal in die Britse hawens plaasgevind van kos- en klere-geskenke aan privaat persone in Engeland. Hierdie geskenke kom van die verskillende dominiums, o.a. ook van Suid-Afrika. Baie persone het reeds klagtes ingedien. **Gedurende die afgelope jare is daar etlike miljoen pond se goedere uit die Britse hawens gesteel, is verklaar.**

**VOLKEBOND SE BEGRAFNIS:** Die volkebond sal op 8 April sy laaste vergadering in Genève hou. Al die nasies wat voor die oorlog lede was, sal verteenwoordig wees. Die Volkebond is gedurende 1920 in die lewe geroep met die doel om beter internasionale verhoudings te skep. Die V.V.O. wat in die plek daarvan saamgestel is, sal vir die tweede keer vanjaar op 25 Maart sitting neem.

**STAKING IN BRITTANJE:** Elfduisend werkers van die Ford-maatskappy in Essex, Engeland, het tot staking oorgegaan. Hulle het by die werk opgedaag maar verrig geen werk nie. Ook in die Austin-fabriek het 1,000 man tot 'n sitstaking oorgegaan.

LET OP!
U MOET DIT SIEN ! !
*RAAISELAGTIG !*
*SENSASIONEEL !*
MAAR DIE GEREG VERGEET NOOIT
*AANGRYPENDSTE SPEURDRAMA WAT U OOIT VAN U STOEL GELIG HET, WORD U AANGEBIED*
*deur*
DIE HANEKOMS
OP
TIERVLEI
Donderdag, 21 Maart.
STELLENBOSCH
Vrydag, 22 Maart.
DURBANVILLE
Maandag, 25 Maart.
KUILSRIVIER
Dinsdag, 26 Maart.
GOODWOOD
Vrydag, 29 Maart.
PAROW
Saterdag, 30 Maart.
STRAND
Dinsdag, 2 April.
EPPINGTUINDORP
Vrydag, 5 April.
BROOKLYN
Saterdag, 6 April.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Skadelike Kritiek

Dr. Pieter H. Venter van Bainsvlei maak met waardering melding van die werk van dr. G. Cronjé, „'n Tuiste vir Ons Nageslag" wat ons rassevraagstukke benader van uit 'n populêr-wetenskaplike standpunt, en neem mense kwalik wat ongunstige kritiek daarop in die pers publiseer op grond dat dit nie aan wetenskaplike vereistes sou beantwoord nie. Die skrywer stel dit immers baie duidelik in sy voorwoord dat daar „op finaliteit natuurlik nie aanspraak gemaak (word) nie. Daar is in die paar hoofstukke nie na 'n ‚geleerde' en ingewikkelde betoog gestreef nie, maar na 'n eenvoudige uiteensetting sodat elkeen dit kan lees en volg".

Hierdie werk is dus nie 'n wetenskaplike verhandeling of 'n werk wat bedoel is om „ingeligte" sosioloë van die kaliber van mnr. N. J. Pansegrouw, junior lektor in sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, te interesseer of te bekoor nie. Prof. Cronjé het hom in hoofsaak bedien van Suid-Afrikaanse bronne, omdat studies in verband met sekere aspekte van die vraagstuk wat in Amerika en elders gemaak is, nie ter sake sou wees nie. Want die V.S.A. het heeltemal ander toestande waaronder sy Negers lewe. Garth, Freeman, Klineberg, Anastasi en andere mag waardevolle gegewens ingewin het vir die oplossing van die Negerprobleem in Amerika, maar in Suid-Afrika met sy omvangryker en ingewikkelder rassevraagstukke het hulle bykans geen oplossing te bied nie.

Met die soort resensies soos wat mnr. Pansegrouw op bogemelde werk en „Die Selfmoord van 'n Nasie" gelewer het, bewys hy sy volk geen diens nie.

## Dankbetuiging

Mnr. en mev. P. Theron en Compie, Bellville, skryf:

Ons innige dank aan almal wat die talle briewe, telegramme en kaartjies gestuur het in ons swaar beproewing. Dit was almal soet druppels in ons bittere beker. Ons bid Gods rykste seën vir u almal toe.

Vergun ons net 'n paar name te noem: Genl. en mev. Max Smuts van Franschhoek vir hulle wonderlike liefde en hulp.

Ook ds. Steenkamp en genl. Retief vir hulle opofferende liefde, dr. Van Zyl vir sy besoek aan ons huis en vir troosvolle woorde by die graf. Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, vir die troosvolle woorde in sy brief, en mev. J. Viljoen van Parow vir haar bystand; mev. A. Compion en dogter van Windhoek vir hulle opofferende liefde en hulp met die begrafnis. Ook aan hfkomdt. Pikkie Basson van Malmesbury vir wat hy aan Killie gedoen het, asook mev. Basson vir blomme op die graf; mnr. en mev. Verkuil vir blomme wat hulle elke week voorsien het vir die graf; komdt. S. J. Swanepoel en die Orkes, en al die draers. Vir die seun Van Aarde van Malmesbury wat hom uit die water gehaal het, ons hartlike en innige waardering. Ook aan genl. J. F. J. van Rensburg en prof. Dirk van Rooy vir simpatieke briewe. Dan ook aan alle vriende wat die begrafnis bygewoon het, ons hartlike dank, en vir die wat besoeke by die huis kom aflê het. Ook aan die O.B. vir geldelike steun.

Ons reik 'n hand van vriendskap, liefde en dank aan almal

## Oudsoldate en Vlugtelinge

Mnr. C. W. te Brugge, Kaapstad, het onderstaande brief in Engels aan Die O.B. gerig:

„'n Tydjie gelede het die Minister van Binnelandse Sake die amptelike syfers verstrek omtrent die aantal vlugtelinge in die Unie met tydelike permitte. Hy het egter nagelaat om te meld hoeveel vlugtelinge reeds gevestig geraak het en tans besig is om eiendomme te koop, te bou of huise te bewoon wat die oudsoldaat moet ontbeer. Ek stel voor dat 'n lid van die opposisie 'n vraag hieroor stel. **As 'n oudsoldaat kan ek u verseker dat sestig persent van die Engelssprekendes by u staan in hierdie saak — inderdaad in alle sake"** .

## H.N.P.-Beleid

Genl. J. H. Gouws, Groblershoop, skryf:

Duidelike antwoorde op die volgende vrae deur middel van u blad sal waardeer word.

Wat was die beleid van die Nasionale Party teenoor die Engelse seksie van die Afrikanervolk op die verskillende momente en tydperke?

1. Die ou Nasionale Party onder genl. Hertzog.
2. Die gesuiwerde Nasionale Party na smelting.
3. Die Herenigde Nasionale Party na of met die bedanking van genl. Hertzog.
4. Die Herenigde Nasionale Party 1939.
5. Die H.N.P. van vandag.

Indien die beleid van 3 en 5 nie dieselfde is nie, wat is die verskil en wanneer het dit 'n verandering ondergaan. 'n Duidelike en eerlike uiteensetting sal waardeer word.

1. Genl. Hertzog se standpunt het neergekom op gelyke politieke en kulturele regte aan albei die bevolkingsgroepe. Daar moes twee afsonderlike strome langs mekaar vloei totdat hulle uiteindelik in die verre toekoms verenig, en dan het genl. Hertzog geen twyfel gehad dat die Afrikaanse stroom die deurslag sou gee nie. Vergelyk Van den Heever: Genl. J. B. M. Hertzog.

2. Die standpunt van die „gesuiwerde" Nasionale Party na smelting was om aan hulle nie net gelyke taal- en kulturele regte te vergun nie, maar die verkryging van die Republiek van hul toestemming afhanklik te maak, soos blyk uit die volgende aanhaling uit 'n toespraak wat dr. Malan op 21 Mei 1937 in Pretoria gehou het:

„As die Engelssprekendes die Nasionale Party om die een of ander rede, soos b.v. vir sy houding oor die Joodse vraagstuk, steun, belowe spr. hulle namens die Nasionale Party dat die stigting van die Republiek as sulks nie deur die Party as 'n praktiese kwessie na vore gebring sal word nie, tensy die Engelssprekendes 'n kans gekry het om nee of ja te sê in verband daarmee".

3 en 4. Die standpunt van die H.N.P. na 1939 was om die Engelssprekendes geen politieke regte te waarborg nie, dog slegs taal- en kultuurregte. So antwoord dr. Malan op 24 Sept. 1941 te Elliot as volg op 'n vraag oor die seggenskap van die Engelssprekendes in die Republiek:

„Hier is maar een volk, die nasionaalgesinde Afrikanerdom. Die ander is nie 'n volk nie, hulle is deel van 'n volk oorsee".

En adv. C. R. Swart, leier van die H.N.P. in die Vrystaat, het op 5 November 1940 by geleentheid van die kongres gesê: „Wat die Engelssprekendes betref, hulle sal behandel word soos hulle vandag die Afrikaners in Rhodesië behandel".

Sedert 1942, d.w.s. ná sy breuk met die Ossewabrandwag, het dr. Malan geleidelik begin terugval op die ou standpunt van gelyke regte. So verklaar hy op 13 Januarie 1942 as volg in die Volksraad:

„Daar sal geen verskil in politieke regte gemaak word tussen Engels- en Afrikaanssprekendes nie".

In November 1943 het dr. Malan op sy Kaaplandse kongres verwys na „sommige kringe binne die nasionaalgesinde Afrikanerdom" wat 'n onseker geluid oor die vraagstuk laat hoor. „Aan hulle sê ek as ons 'n nader beleid as dié van die H.N.P. volg, ons in hierdie land nooit sal regeer nie. As prys vir samewerking op die punte waar hulle met ons saamstem, kan ons van die Engelssprekendes nie verlang dat hulle hul taal en hul ras — hulleself — sal verraai nie". — Red.)

## Nuwe Wapens

Amerika het aan die wêreld die vooruitsig gestel dat in die toekomstige wêreldoorlog daar 'n radar-beheerde lugstryd tussen atoom-vuurpyle sal wees. Dit het noodsaaklik geword om 'n wapen te ontwerp wat die vuurpyle soos dié wat die Duitsers gebruik het, in die lug te kan keer voordat hulle hul doel bereik.

Die Amerikaners is van plan om die Duitse V2 te gebruik en dan te poog om dit deur middel van radar te laat neerstort voordat dit ontplof.

Die mening is uitgespreek dat dit vandag nie so moeilik is om die vuurpyle af te skiet as wat dit in 1914 was om vliegtuie neer te skiet nie.

# Hongerdood Wag 13 Milj. Duitsers

**'n Waarnemer in Duitsland skilder 'n droewige beeld van wat hy daar gesien het in die Britse blad The Vanguard.**

Hy het die spoorwegstasie van Stettin besoek en in een van die beestrokke wat onder die bomverwoeste dak gestaan het, gekyk. Voor hom aan die een kant het vier lyke bedek met komberse op voubedjies gelê; in die ander hoek het nog vier gelê, almal vroue, wat besig was om te sterf. Een het in 'n swak stem om water gesmeek. Op een van die bedjies het 'n man gesit. Hy was so verswak deur verhongering dat hy nie in staat was om sy kop of mond te roer nie. Sy oë het voor hom uitgestaar. Hy was besig om te sterf.

„Hierdie mense in die beestrok en honderde ander wat op hulle bondels op die perron gelê het, is die dooies en sterwendes wat uitspoel uit die menslike gety van ellende. Duisende — tot 25,000 per dag — trek te voet na die grense van Berlyn waar hulle voorgekeer word." **Elke dag verloor tussen 50 en 100 kinders in hierdie gebied albei hulle ouers en moet in inrigtings opgeneem word.**

„Dit is die Berlyn van vandag", skryf hierdie waarnemer.

„Hierdie vraagstuk is vandag aan die Duitser alleen oorgelaat. Die Geallieerdes het geen poging aangewend om die nood te verlig nie en om die Welsynsorganisasie met 'n staf van 33 en 220 helpers enige steun te verleen nie."

**As mens die Sudeten-Duitsers neem wat uit Tsjeggo-Slowakye verdryf is en dié wat van ander plekke af kom, sal die getal vir wie daar geen kos is nie op ongeveer 13,000,000 te staan kom. Hierdie getal van die bevolking moet almal omkom van honger, skryf die waarnemer.**

Gedurende die jongste tyd is daar berig dat die voedselrantsoene van die Duitsers in die Brits-besette gebied so verminder is dat dit onmoontlik vir die mense is om daarop te leef.

## Göring Gee Getuienis

### DUITSE REVOLUSIE MINS BLOEDIGE

In die afgelope week het ryksmaarskalk Herman Göring in die getuiebank in die klughof van Neurenberg verskyn om sy eie verdediging waar te neem.

Hy het met trots melding gemaak dat kort nadat hy Hitler ontmoet het, hy by die Nazi-party aangesluit het. Dit was in November 1927. In sy getuienis het hy die opkoms van die Nazi-party geskets en aangetoon dat Hitler wettiglik as kanselier aangestel is, en die Nazi-party wettiglik aan die bewind gekom het. **„Indien Duitsland 'n demokratiese verkiesingstelsel soos Engeland of Amerika gehad het, sou die party al die setels aan die einde van 1932 verower het, want in elke setel was die party die sterkste," het hy gesê. Die Kommunistiese Party was die tweede sterkste.**

„Ek is heeltemal reguit dat daar in die begin buitensporighede plaasgevind het, maar **hierdie Duitse revolusie om vryheid was die mins bloedige en die mees gedissiplineerde van al die revolusies in die geskiedenis."**

### DIE KERK

Göring het aangetoon dat Hitler se houding teenoor die kerk edelmoedig was en dat hy die behoefte van die kerk erken het. Hoewel Hitler self 'n Katoliek was, het hy 'n sterker posisie vir die Protestantse kerk begeer omdat twee-derdes van die Duitsers Protestante is. Göring het dieselfde houding as Hitler teenoor die kerk ingeneem. Hulle het albei geglo dat kerk en politiek geskei moet wees.

Hy het die volle verantwoordelikheid vir die wette wat sy naamtekening dra, aanvaar. Hy het verklaar dat hy ook verantwoordelik was vir die besetting van Oostenryk. „Ek is geensins van plan om agter die Führer te skuil nie," het hy heftig uitgeroep.





WAARDE VIR GELD

A.V.B.O.B
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria 130 Takke**

MARKAGENTSKAP
VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD

**Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

MINNAAR EN VAN SCHOOR
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

SCHOEMANELLO DRANK
**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos .. .. .. .. | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

JURGENS SCHOEMAN,

DIE O.B., WOENSDAG, 20 MAART 1946.

# MET MAMMON

Gerugte van 'n nuwe oorlog is op die oomblik besig om te meng met die walme wat opstyg uit die Neurenbergse lykskouing van Wêreldoorlog Twee. Daardeur word die dwaasheid van die afgelope oorlog vir die Engelssprekende wêreld pynlik beklemtoon.

In die plek van 'n sterk Duitsland wat uitgeskakel moes word as 'n faktor in Europese politiek, het gekom 'n magtige Rusland wat vandag met behulp van diktatorregerings die grootste deel van Europa en Asië beheers. In die plek van 'n nasionaal-sosialistiese bedreiging vir die kapitalisme wat versoening tussen kapitaal en arbeid wou bring, het gekom 'n kommunistiese gevaar wat verslawing van arbeid en kapitaal beoog. **Die nasionaal-sosialisme het beperking van vryheid vir 'n liberalistiese samelewing gebring in die gees van hoederskap. Die bolsjewisme bring vernietiging van alle vryheid mee in die gees van klassehaat en vyandskap.** Hitler se Duitsland het die vriendskap van die Westerse lande gesoek en het sy leerstellings openlik beskryf as geen uitvoerartikel nie. **Stalin se Rusland daarenteen maak geen geheim daarvan nie dat hy 'n wêreldrevolusie beoog en vir dié doel 'n wêreldorganisasie in die vorm van kommunistiese partye in alle lande opbou.**

**NEUSVRYF**

Daarom dat die Neurenbergse gekrap aan die lyk van Wêreldoorlog Twee vir die Engelse wêreld geen oorwinning meer simboliseer nie — soos aanvanklik bedoel is — maar verander het tot 'n pynlike neusvrywing in sy eie brousel.

Die vriendskapshand wat Rudolf Hess persoonlik na Engeland uitgesteek het op 'n oomblik toe seker geen Duitser getwyfel en menige Brit moes gewanhoop het aan 'n oorwinning, is afgeslaan vir die harige hand van Stalin.

Maar onderlinge verwyte sal die Weste geen steek verder bring nie. **As Rusland wen, verloor die Christendom, en daarmee ook Suid-Afrika. Die Afrikaanse volk sal moet waak teen dieselfde flater te begaan as Engeland, wat uit haat jeens die Duitser op 'n dwase weg volhard het.** In 'n botsing tussen die Weste en Rusland kan daar vir Suid-Afrika geen keuse wees nie, want as Rusland wen, gaan ons in elk geval totaal onder. Dit is hier nou 'n geval van vriende maak met Mammon. **Die aandeel van Suid-Afrika in so 'n botsing, sal in ieder geval bepaal word deur sy eie belange, want die onafhanklikheidsdoel van ons strewe sal in alles nog ons hoogste oogmerk bly.**

En moontlik mag dit die weg wees waarlangs God Suid-Afrika tot eenheid lei.

# 'n Versterkmiddel

Dit sal ons seker nie kwalik geneem word nie as ons in die uitnodiging van genl. Smuts aan die Britse koningsgesin iets meer sien as blote gasvryheid. Soos genl. Smuts in die eerste wêreldoorlog die geesdrif van die Engelse volk moes gaan opwek — volgens Engelse skrywers — so skyn dit die doel te wees om die Britse koning onder die dekmantel van 'n eregas te verneder tot reisende propagandis. Teen die agtergrond van gebeure skyn so 'n vermoede nie sonder grond te wees nie.

Genl. Smuts het vir sy politieke oogmerke feitlik onherroepelik op Engelse sentiment gebou. **Hierdie Britse sentiment het egter 'n ernstige skok tydens die afgelope oorlog opgedoen.** Reeds in die middel van die oorlog het Fighting Talk, orgaan van die kommunistiesgesinde Springbok-Legioen, erken dat die soldate 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme in die Noorde ontwikkel het sodra hulle met ander nasionaliteite in aanraking gekom het. **Teenoor die Britse soldate het daar selfs 'n sterk antipatie ontwikkel, veral ook weens die minagting wat laasgenoemde vir die „Colonials" geopenbaar het vir wie hulle nogtans nie kers kon vashou op die slagveld nie.** So sterk was hierdie nasionale reaksie dat Engelssprekende Suid-Afrikaners selfs in die Britse vloot met mekaar Afrikaans gepraat het om hul eie identiteit te onderstreep.

**WERK DEUR**

**Hierdie anti-Britse gevoel by die Engelssprekende soldate in die Unie-leër is na hul terugkeer besig om deur te werk in breër kringe. Natalse Engelse wat voor die oorlog geen woord Afrikaans verstaan het nie, praat vandag Afrikaans en menige Engelssprekende wat uit die leër ontslaan is, se huistaal het Afrikaans geword.** Britse sentiment het dus 'n ernstige terugslag deur die oorlog ontvang, en vir genl. Smuts beteken dit dat die boom van sy politiek besig is om uit te val.

In 'n poging om die Britse sentiment weer te laaf, en daardeur **die eenheid van Suid-Afrika op 'n langer baan te skuif**, het genl. Smuts blykbaar op die voor die hand liggende idee gekom om aan die Engelse Suid-Afrikaners wat op die slagvelde 'n droewige ontnugtering aangaande die bewoners van „Home" opgedoen het, 'n ander beeld van Britse grootheid voor te hou.

Dit was egter nog altyd die manier van Suid-Afrika om vreemdelinge te speen van hul moederland. Hy het dit gedoen ten opsigte van Holland, Frankryk en Duitsland. Hy sal dit ook doen met die Engelse ten spyte van genl. Smuts se deursigtige poging om die tweekoppigheid van ons bevolking te bestendig terwille van partypolitieke oorwegings.

# 'n Ongelyke Vennootskap

DEUR PROF. DR. J. A. WIID.

**Behalwe sy openlike en bedekte aanvalle op en beskuldigings en waarskuwings teen Rusland en die Kommunisme, is niks in Churchill se jongste Amerikaanse redevoerings so uitstaande as sy hartstogtelike bepleiting van toekomstige Amerikaans-Britse samewerking en bondgenootskap nie. Hoe hy hom hierdie toekomstige samewerking en bondgenootskap voorstel, is nie vir hom en ook nie vir ons duidelik nie. Oor moontlikhede dat Brittanje miskien een van die state van die V.S.A. of dat die Verenigde State miskien weer by die Britse Ryk kan aansluit, het Churchill hom as volg uitgespreek: „Dit kom my voor.... dat die wyse pad êrens tussen hierdie twee voëlverskrikkers lê. Ons moet 'n manier en metode vind om saam te werk, nie slegs in die tyd van oorlog of doodsgevaar nie, maar ook in tye van vrede". Hoe onskuldig en onskadelik hierdie woorde ook mag klink, is die verband tussen Churchill se aanvalle op Moskou en Churchill se bepleiting van Angel-Saksiese samewerking en bondgenootskap baie duidelik. Hierdie verband word ook in Moskou baie duidelik raakgesien, al versuiker die Britse oud-premier dit ook met vleitaal en lofbetuigings teenoor die Russiese volk en leiers.**

MOSKOUSE REAKSIES

In Sowjet-Rusland het die hele propaganda-masjien sterk teen Churchill se redevoerings gereageer. Selfs Stalin het openlik stelling geneem. Die Russiese diktator sien in Churchill 'n oorlogstoker. Vir hom bestaan daar geen twyfel „dat mnr. Churchill se rigting 'n rigting is wat op oorlog aanstuur, 'n oproep tot oorlog teen die Sowjet-Unie". Churchill se kritiek op die „demokratiese bewind" in die lande wat aan Rusland grens, vind hy „ene laster, gemeng met onbeskoftheid en 'n gebrek aan takt". Stalin wys ook daarop dat Rusland as gevolg van die „Duitse inval" ongeveer 7,000,000 mense onherroepelik verloor het en dat „hierdie Russiese verliese die gesamentlike verliese van Brittanje en die V.S.A. etlike kere oortref". Vir hom is dit dus nie vreemd „dat Rusland in sy begeerte om sy toekoms te beveilig, 'n poging aanwend om regerings in hierdie lande te kry wat aan Rusland getrou sal wees nie".

REAKSIES IN DIE V.S.A.

Maar dit is nie alleen Stalin wat in Churchill se roerende bepleiting van 'n Amerikaans-Britse bondgenootskap 'n „oproep tot oorlog teen Rusland" sien nie. Ook uit die V.S.A. word waarskuwende stemme teen Churchill gehoor. Toe laasgenoemde 'n paar dae gelede in New York aangekom het, het hy slagspreuke gehoor en gesien soos „Churchill wil oorlog hê — ons begeer vrede", „stuur daardie ou fossiel (Churchill) terug na Engeland", „geen bloed, trane of sweet vir Amerika nie", „geen Amerikaner sal vir Churchill sterf nie. Geen Derde Wêreldoorlog nie" en „Churchill wil jou seun hê".

Dit sal 'n verkeerde gevolgtrekking wees om aan te neem dat hierdie slagspreuke alleen in die klompie Amerikaanse kommuniste hul oorsprong het. Slegs die melding van 'n Amerikaans-Britse militêre alliansie is genoeg om verskillende groepe van mense in die V.S.A. daarteen in verset te bring. Daar is b.v. die „professionele Britse haters" wat so veel sou gedoen het om die Amerikaanse lening aan Brittanje skipbreuk te laat ly. Voorts is daar die Isolasioniste wat, soos na die Eerste Wêreldoorlog, hulle weer laat geld. Dan ook is daar diegene wat nie „Britse haters" en ook nie Isolasioniste is nie, maar 'n beleid van versoening teenoor Rusland voorstaan, ten einde 'n nuwe oorlog te vermy. Ook is daar 'n aantal idealiste wat eerlik in die V.V.O. glo en wat in Churchill se redevoerings 'n gevaar vir hierdie nuwe Volkebond en vir die wêreldvrede sien. Eindelik is daar die Amerikaanse kommuniste vir wie die Bolsjewistiese Rusland die hoop en redding van die wêreld is.

REAKSIES IN BRITTANJE

In Brittanje het die reaksies op Churchill se Amerikaanse redevoerings 'n onsuiwere klank. Van opposisie-kant, soos te verwagte is, word hul leier se gedagtes oor 'n toekomstige Amerikaans-Britse bondgenootskap onderskryf. Aan regeringskant egter word versigtigheid aan die dag gelê. Oënskynlik lyk dit of die amptelike Brittanje die aanvegbare uitlatings van die oud-premier repudieer. Churchill sou dan alleen namens homself gepraat het, en die Britse regering is geensins daardeur gebind nie, want sy „beleid is nie op groepe (soos 'n Amerikaans-Britse bondgenootskap) gegrond nie, maar op die Verenigde Volke-organisasie en die eenheid van die wêreld". Arbeider-lede van die Laerhuis het Churchill se redevoerings selfs „skadelik" genoem.

Daar sal mense wees wat van hierdie amptelike repudiasies van Churchillse gedagtes nie veel notisie sal neem nie. Hulle sal daarop wys dat dit in stryd met Britse konstitusionele gebruik is dat 'n verantwoordelike Britse leier soos Churchill sulke gewigtige uitlatings, veral in verband met buitelandse beleid, sal doen sonder dat die regering vooraf daarvan verwittig is en sonder dat dit amptelike goedkeuring wegdra. Dit is dus moontlik dat die huidige Britse regering die rol speel van die man wat ongraag pleegvader wil wees van die kindjie wat nog nie gebore is nie.

(Alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

## Buitelandse Oorsig

IMPLIKASIES EN GEVOLGE

'n Amerikaans-Britse bondgenootskap, soos deur Churchill gepropageer, kan egter die gewigtigste en vérreikendste gevolge en implikasies hê. Nie alleen kan dit die dood van die nuwe Volkebond tot gevolg hê nie, maar dit kan ook 'n nuwe wêreldoorlog inlui. Selfs al sou die totstandkoming van 'n dergelike bondgenootskap daarin slaag om Russiese aspirasies aan bande te lê en Britse belange teen Moskouse agressie te beskerm, dan nog sou juis die ongelykheid van 'n Amerikaans-Britse vennootskap vir die Eiland-ryk erg gevaarlik kan wees. Daar is selfs vandag nog baie mense wat in die Viktoriaanse eeu van Britse oppermagtigheid leef. Hulle begryp nie dat die Brittanje van 1946 nie die Brittanje van 1846 is nie. Hulle besef nie dat die Britse Ryk (Statebond) alleen deur magtige bondgenote in staat gestel is om twee wêreldoorloë te oorleef. Die geweldige militêre nederlae wat die Britse Statebond in die jongste Wêreldoorlog gely het, die beslissende bydraes van Sowjet-Rusland en die V.S.A. tot die eindoorwinning, die astronomiese syfers van Britse finansiële verpligtings teenoor die V.S.A., die agterlikheid in die Britse nywerheidslewe, dit alles spreek 'n baie duidelike taal wat hulle in Washington en Moskou baie beter verstaan as in Londen. Hierdie taal word ook in Kanada, Australië en Indië vandag beter verstaan as voor 1939. Deur die ongelyke vennootskap wat Churchill wil aangaan, kan die dollar-imperialisme net so noodlottig vir die verswakte en insolvente kernland van die Britse Ryk (Statebond) wees as die agressiewe imperialisme van die nuwe Rusland wat op die oomblik soveel onrus in die gemoed van 'n Churchill veroorsaak. Tekenend ook is dit dat die huidige Brittanje vir die eerste maal in duisend jaar nie op sy eie wêrelddeel, die Europese vasteland nie, maar op die vreemde Amerikaanse kontinent sy bondgenote soek.

**SPIOENASIE:** Tot verlede week is reeds agt name van Kanadese bekend gemaak wat betrokke was in die Russiese spioenasiekring. Onder hulle is 'n parlementslid met die naam van Rose en 'n professor wat belas was met die navorsing in plofstowwe.


# OPENBARE VERGADERING

**DIE KOMMANDANT-GENERAAL**

***DR. J. F. J. VAN RENSBURG***

**SPREEK 'N OPENBARE VERGADERING TOE**

op

**STELLENBOSCH**

**23 Maart, om 8 n.m., Stadsaal**

**Die Blaasorkes sal musiek verskaf.**

**Dit word verwag dat alle Offisiere en Brandwagte die vergadering sal bywoon.**

**Alle belangstellende volksgenote word hartlik uitgenooi.**

# „GEEN NEUTRALITEIT IN TOEKOMSTIGE BOTSING"

**Prof. L. J. du Plessis, beleidstudiehoof van die Ossewabrandwag, skryf as volg in verband met die komende botsing tussen die Weste en die bolsjewistiese Ooste:**

Daar het met die rewolusie van die twintigste eeu 'n stryd ontbrand waarteenoor ons nie neutraal kan staan nie, soos ons dan ook in die Ossewabrandwag nie neutraal was nie. Die tyd van neutraliteit is verby: elkeen moet nou kant kies; en wat ons betref, dit moet vir die wêreld duidelik wees waar ons kies.

Dit is nie nou meer 'n saak van 'n hondegeveg tussen vreemde moondhede waarmee ons niks te doen het nie. Dit gaan oor die grondslae van ons toekomsbestaan wat elkeen van ons ten nouste raak. En ons gees is nie om ander die kastanjes uit die vuur te laat krap nie: as iets ons saak is, dan spring ons in om dit self te verdedig en te beskerm.

Wat nou in die wêreld aangaan, is ons almal se saak; ons het daarin kant gekies en ons meen om te staan of te val by die kant wat ons gekies het. Of liewer, daar is twee keuses aan ons voorgehou, en in elke geval het ons reeds klaar en onherroeplik gekies: laat die wêreld dit weet.

## VIR SOSIALISME

Die eerste keuse wat aan ons voorgehou was, is dié tussen die ou orde en die nuwe. Daar het ons die nuwe gekies omdat dit die enigste is wat in hierdie tyd lewenskrag besit en omdat God daardeur die toekoms voorberei.

Die tweede keuse was tussen die nuwe wat maar net die nuwerwetse en uiterste vorm is van die oue en daardie nuwe wat die oue uit 'n gesonder lewensbeginsel waarlik herskep, hervorm en hernuut.

Om dit onnoukeurig, maar kort en bondig te sê, tussen kapitalisme en sosialisme het ons gekies vir die Sosialisme, en tussen kommunisme en nasionale sosialisme het ons teen eersgenoemde gekies.



Prof. L. J. du Plessis

Daarom het ons in die eerste geval teen Engeland gekies, maar daarom het ons nou ook reeds saam met Engeland gekies. Want in die eerste geval het Engeland inderdaad teen die sosialisme gekies, maar nou het hy eweseer teen die kommunisme gekies.

> **JAAR GELEDE**
>
> **Hierdie artikel is deur prof. L. J. du Plessis opgestel tydens die wêreldkonferensie te San Francisco, byna 'n jaar gelede. Enkele sinne wat betrekking het op die Britse verkiesing wat sedertdien plaasgevind het, is weggelaat.**

Churchill wil eintlik nog die kapitalisme beskerm, maar hy en sy volgelinge sal vind dat hulle die kommunisme nie kan afweer deur die kapitalisme te nasionaliseer en te sosialiseer. En dit sal dan ook gebeur, tensy die kommunisme die oorhand gaan kry.

## WÊRELDGEVAAR

In elk geval is die wêreldgevaar op die oomblik die bolsjewistiese kommunisme, en daarteenoor kan ons nie neutraal staan nie. Nee, ons het al klaar daarteen gekies, en ons gaan die daad by die woord voeg. En in hierdie stryd moet ons ons skaar by alle magte wat hul sal verenig om die gevaar te keer, d.w.s. by Engeland, Wes-Europa en Amerika, met hulle aanhangsels.

In hierdie stryd hoort ons aan daardie kant, omdat ons afkoms daarvandaan is, omdat die Christelike geloof daar nog min of meer in agting is, omdat ons belange byna uitsluitlik daarheen gerig is.

Die Westerse breuk met die bolsjewisme is onvermydelik op grond van ras en geloof, tradisie en toekoms. En inderdaad sal dit maar die voorloper wees van die geweldige toekomsworsteling tussen Wes en Oos waarin ons plek noodwendig by die Weste is. Daardie plek hoop ons om vol te staan tot die einde toe.

## GROTER OFFERS

Ons kan dan ook daarop reken dat in hierdie komende worsteling die bloedoffers vir die Weste groter sal wees as dié van die oorlog wat nou haas verby is. Laasgenoemde was maar die eerste ronde van die stryd teen die kommunisme en daarin het Duitsland die spil afgebyt. In hierdie fase was die verliese van Engeland en Suid-Afrika maar gering in vergelyking, nie alleen met wat voorlê nie, maar ook selfs met dié van die kleine Afrikanerdom in die Tweede Vryheidsoorlog.

Ons het b.v. verneem dat Suid-Afrika in die hele oorlog nouliks 10,000 militêre van alle range en kleure deur die dood verloor het en dat Engeland nouliks 60,000 burgerlike lewens ingeskiet het deur al die Duitse bombardemente.

## SAAMSNOER

Maar die te wagte gemeenskaplike nood en dood van die nabye toekoms sal ons hopelik in Suid-Afrika saamsnoer tot 'n nasionale en sosiale eenheid en sal ons ook in ons regte plek stel binne die verband van die Christelike Westerse beskawing saam met die nasies van ons herkoms in: Holland, Duitsland, Frankryk en Groot-Brittanje.

**Die lewensvoorwaarde van so 'n verband sal egter wees internasionale saamhorigheid van wat saam hoort, nasionale selfstandigheid en sosiale geregtigheid.**

**Daarop moet ons strewe onophoudelik gerig bly, maar die onmiddellike en dringende vereiste is om saam met almal wat daartoe bereid is, die toekomstige sosiale en nasionale internasionalisme nou reeds voor te berei en veilig te stel deur die kommunistiese rewolusie te keer voordat hy vanuit die Ooste ons ganse beskawingsgebied oorspoel. Daartoe is ons bereid, bereid vir totale diens. Neutraliteit bestaan daar vir die Ossewabrandwag nie meer nie.**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



F. LIEBENBERG.

**Betrokke in die Hoogverraadsaak. In hegtenis geneem 21 Junie 1942. In Johannesburg- en Pretoria-gevangenis opgesluit tot Maart 1943. Daarna geïnterneer te Koffiefontein. April 1944 weer op vrye voet.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie".**

# „Maar Die Gereg Vergeet Nooit"

Die sensasionele speurdrama, „Maar die Gereg Vergeet Nooit", wat vir drie aande gedurende die laaste helfte van verlede week deur die Hanekoms in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, op die planke gebring is, was een van die mees geslaagde drama's wat die afgelope tyd aan die publiek van Kaapstad aangebied is.

Die keuse van hierdie drama, wat deur Anna Neethling Pohl uit Engels vertaal is, het geblyk in die smaak van die publiek te val. Die deurgaanse lewendige dialoog wat oortuigend spontaan was, het 'n aangename paar uurtjies verskaf.

Van die spelers het veral Hendrik Hanekom hom die meester getoon van die toneelkuns in sy vertolking van die skrywer-speurder Frans de Vos. Talina Hanekom in die komiese rol van mev. Pauli en Rita, tesame met die spel van Eghard van der Hoven, het bygedra tot die sukses van die opvoering.

Ook Petrusia Nel, die kunstenaarsmodel en Renen van Niekerk, die slagoffer van die drama, en Daan Retief het uitmuntende spel gelewer.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!*


*DIEGENE WAT IN U BLAD ADVERTEER — — IS U VRIENDE — —*

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND
Sien advertensie onder Doodberigte.

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

*Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede*
Kom seker eers na
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

West se Sweis- en Ingenieurswerke
VOORTREKKERWEG
PAROW
Foon 98389
Sweiswerk Spesialiste, Vervaardigers van Staal - motorbakke, Fynwerk Ingenieurs.
*ONS SWEISWERK STAAN ENIGE TOETS.*

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
GARAGES EN HANDELAARS
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn
Kaapstad — Laingsburg

PRESIDENT MOTORS
BEPERK
vra:
**Kies Vandag !!**
òf Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele
òf Gewaarborgde 5 pst. Dividend deur Preferente Aandele

| | |
|---|---|
| 300,000 Gewone Aandele, 5/- elk | £75,000 |
| 25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk | 25,000 |
| Huidige Geoutoriseerde Kapitaal | 100,000 |
| Reeds Uitgegee 46,000 Gewone | 11,500 |

**Geen** KONTROLE ! ! ! SPESIALE STEMREGTE ! ! !
Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.
Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.
Doen aansoek by:
DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.
*Die geleentheid waarop u Gewag het*

BELANGRIKE AANKONDIGING —
HOU HIERDIE RUIMTE DOP

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
**VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

COETZEE. — Aan Hennie en Sarie, Porterville, 'n flukse boeredogter op 9 Maart in Piketberg Verpleeginrigting. Naas Gewer dank aan dokter en personeel.

HANEKOM. — Aan mnr. en mev. A. P. Hanekom, 'n fris dogter. Dank naas die Heer aan dokter en verpleegsters, Upington. Beide gesond. — Boomplaats, Keimoes.

## VERLOWING

VAN WYK DE VRIES—VENTER. — Die verlowing word bekend gemaak van ds. K. S. van Wyk de Vries, Geref. Kerk, Alberton, en Doempie, jongste dogter van mnr. en mevr. H. T. Venter, van Ventersdorp.

KLOPPERS—HEUER. — Die verlowing word bekend gemaak van Joey, oudste dogter van hoofkommandant en mevr. W. Heuer, Heidelberg, Tvl., met Johann Kloppers, van die personeel Krugersdorp-Wes Intermediêre Skool, seun van mnr. en mevr. J. J. Kloppers, Frisgewaagd, Potchefstroom.

## DOODBERIG

SPIES. — Die Heer het van ons weggeneem op 27 Februarie 1946 ons dierbare eggenoot en vader, Arnoldus Jacobus Spies. Ons gun hom die rus. Sy plek is leeg, Sy stem is stil, Ons swyg, O Heer, Dit was U wil. — Verlangende Eggenote en Kinders, Buffelskloof, Ladismith, K.P.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## PERSOONLIK

BLY JONK.— GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreld wonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

MARKAGENTSKAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

Kom na OOSTELIKE WINKELS vir al u Benodigdhede. U sal tuis voel by ons. Telefoon 86-614. OOSTELIKE WINKELS (KO-OP.) BPK., Adderleystraat 53—55, Posbus 3104, PORT ELIZABETH.

HANDLEERWERK. — Bestellings word geneem vir verjaarsdag en ander geskenke in mans sakportefeuljes. Van die beste en mooiste werk in die land. Standaard patroon. Ontwerpe: Voortrekkerwa, perdekop, koedoekop, kolliehonde, vlae (ons kopieer ook u eie skool en ander wapens in oorspronklike permanente kleure). Prys £2 elk met eienaars se voorletters en van binne ingegraveer (C. idee). Ook met ander ontwerpe teen £1/10/- (C.1.) en £1/5/- elk (B. idee). Kontant met bestelling, posvry, of K.B.A. Posseël vir navrae van: BENKRUNO-LEERWERKE, Posbus 232, BETHLEHEM.

## BENODIG

BENODIG. — 'n Dame tussen 25 en 45 jaar, vir algemene huishouding vir 'n wewenaar. Goeie huis; bediendes in diens; goeie vooruitsigte. Jongste kind in huis 12 jaar. Kiekie op aanvraag. Skryf aan A. F. ELS, Meisies Halt, OOS-LONDEN.

WERKTUIGKUNDIGE. — Werktuigkundige vir garage in Johannesburg. Moet eersteklas vakman wees. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. Rig aansoeke aan „WERKTUIGKUNDIGE, Posbus 8262, JOHANNESBURG.

DRINGEND BENODIG. — Onderwyseres, 2 kinders Std. 2 (Goewermentssillabus) op plaas. Vry inwoning. Dienste moet tweede kwartaal 1946 aanvaar word. Meld kwalifikasies en salaris. Doen aansoek: D. M. VILJOEN, Posbus 24, Bethlehemspoort, BETHLEHEM.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese-toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9.8435.

## ELEKTRIESE WAKE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

## GEVRA

LOSIES GEVRA. — Jong dame soek losies of kamer vanaf 1 April 1946 in Kaapstad. Skryf aan ADVERTEERDER, Posbus 3081, KAAPSTAD.

## TE KOOP

BOTTELSKEIE teen 3/9; Vierkantige Koppe teen 4/6. Swingels 6/- een trek. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. Geen K.B.A.

CEDERBERG-ROOIBOSTEE (Eerste Graad Suiwer). — 'n Verfrissende en Verkwikkende Gesondheidsdrank. Vra u Handelaar om vir u te bestel. Die spesiaal-gekweekte, suiwer Cederberg-Rooibostee, vir geur en gesondheid, direk van die verpakker: A. J. MOUTON, Gelukwaarts, CITRUSDAL, K.P.

EERSTEKLAS UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat, Geel Uie, 8/- per pond. Australiese Bruin en Spaanse Bruin Uie, 6/- per pond. Silver King, 10/- per pond. Gesertifiseer No. 8163 en 6372. — GERT VAN ROOYEN, Bus 41, UNIONDALE.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Ui, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. Skryf om volledige pryslys.— KAROO SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN.

HONDE. — Pragtige twee-maande oud Boerboel Hondjies gekruis met Boelterrier. Baie kwaai en waaksaam. Reuntjies £3/3/-, Tefies £2/2/-. Kontant met bestelling. Skryf aan: G. DE BRUIN, Clydesdaleweg 54, Casseldale, SPRINGS.

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME verseker tevredenheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpstuin. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDLELIEBOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

HOUT. — Grofgesaagde S.-Afrikaanse dennehout: Insignus. Lengtes van ses tot sestien voet. 2 x 3 @ 4d., 1½ x 4½ @ 4½d., 1½ x 6 @ 6d. per lopende voet. Onmiddellike aflewering te George-stasie. Ander mate en lengtes op aanvraag. — J. F. MEYER, Blanco.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

PLAAS TE KOOP. — 2,434 Morge, 8—10 myl vanwaar nuwe steenkoolmyn geopen word. Distrik Waterberg. Nuutgeboude 8-vertrek woonhuis. Plaas aan drie kante omhein. Baie water; 12 myl van grootpad; busroete; telefoon, poskantoor en skool. Prys 40/- per morg. Geen briewewisseling. Slegs telegram van sluiting van koop word aangeneem. Telegrafeer aan: B. J. STANDER, Geelhoutkloof, Pos SOUTVLEI.

PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

RHODESIAN RIDGEBACKS (Saalrug) Honde. — Uitstaande registreerbare hondjies. Gesond, mooi gekleur met pragtige rugmerk. Uitstaande wagen jaghonde. Reuntjies en tefies van 3 (drie) weke en twee tefies van 2½ maande. Pryse: Reuntjies £7/10/- en tefies £5/10/-. Asook te koop: Kelpie-Collie Skaaphondjies van uitstaande werkende ouers. Pryse: £1/15/- en £1/5/- vir reuntjies en tefies.—HAARHOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — DE BEER EN DE BEER, P.K. Florisbad Soutwerke.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars gesonde Up-to-Date tafelaartappels teen 34/- per sak 153 lbs. V.O.S. Bethlehem. Eit waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

## VERJAARDAGKETTING

21 MAART: Johanna du Plessis, Paarl; Elizabeth van Zyl, Springbok; Jacobus Yonck, Groot-Brakrivier; Maria Engelbrecht, Marchand; Hester Engelbrecht, Marchand; Frederika Venter, Derby; Johanna Ströh, Rustenburg; M. Meyburg, Rashoop; Martha Roux, Mamagalieskraal; Nicolaas Grobler, Koedoeskop; Jacobus Jordaan, Wesselbron; Clavina Malherbe, Vryburg.

22 MAART: Alwijn du Plessis, Marquard; Martha Smit, Bosbokrand; Andries Steenkamp, Werkmetlus; Martha Smit, Ohrigstad; Maria van Rensburg, Eppingtuindorp; Hendrik Barnard, George; Este Koetzee, Wolseley; Jacoba Olivier, George; Maria van Rensburg, Eppingtuindorp; Marina le Roux, Beaufort-Wes.

23 MAART: Charl Naude, Stellenbosch; Andreas Wium, Vlottenberg; Hermanus Wium, Vlottenberg; Mavis van der Venter, Port Elizabeth; Susanna Immelman, Merweville; A. Nell, Somerset-Oos; Philip Nel, Kirkwood; Christiaan du Toit, Wellington; E. Horstman, Bellville; Philipus de Koker, Bulwater; Janetta Slippers, Aughrabies; Lucretia Boshoff, Groot-Brakrivier; Isolina Barnard, Groot-Brakrivier; Una Meyer, Woodstock; Wynand van der Westhuizen, Maribogo; Maria Nel, Wilgenhoutsdrift; Miriam Barnard, Paarl; Jan Kruger, Bethlehem; Rina Jacobs, Philippolis.

24 MAART: Elsa Grove, Vryburg; Johanna Naude, Frankfort; Martha Venter, Mamagalieskraal; Ora Todt, Duiwekop-Landgoed; Louisa van Meulen, Aughrabies; Elsa Calitz, Kirkwood; Louisa Vermeulen, Marchand; Christiaan Nel, Wilgenhoutsdrift.

25 MAART: Christina Theron, Sutherland; Schalk Burger, Nababeep, Abrie van Zyl, Montagu; Merle Strauss, Frankfort.

26 MAART: Sophie du Toit, Bothaville; Anna van Niekerk, Grootpan; E. Swanepoel, Koedoeskop; Noël Louwrens, Montagu; Gert Koen, George; Sussanne Oelofse, Port Elizabeth; Leoni Treurnich, Duiwekop-Landgoed, Johannes Botha, Wilgenhoutsdrift; Minnie de Koker, Stellenbosch; Anna Hanekom, Moorreesburg; Lettie Burger, Montagu; Susanna van Rensburg, Port Elizabeth; Ronald Archer, Nababeep; Miempie le Roux, Rawsonville.

27 MAART: Dumaris Marren, Beaufort-Wes; Mona Terblanche, Bellville-Suid; Adrie de Kock, Marchand; Johannes Botha, Wilgenhoutsdrift; Magdalena Swart, Bocham.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-0; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

## VAKATURE

### Munisipaliteit van Robertson.

Kennisgewing No. 10/1946.

### VAKATURE: STADSKLERK EN TESOURIER

Applikasies vir bogemelde betrekking en gemerk: „Aansoek: Stadsklerk en Tesourier," word hiermee ingewag en sal ontvang word tot op Maandag, 15 April, 1946.

Aansoeke moet volledige besonderhede aangaande ouderdom, kwalifikasies en ondervinding meld en moet vergesel wees van 'n Gesondheidssertifikaat en gesertifiseerde afskrifte van drie onlangse getuigskrifte.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en moet die vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word, meld.

Die salaris verbonde aan die betrekking is £550 x £25 — £750. Die aanvangsalaris kan egter, volgens die Raad se goeddunke, op 'n hoër trap geplaas word indien die suksesvolle applikant se ondervinding en kwalifikasies dit regverdig.

Die suksesvolle applikant sal verplig wees om by die Raad se Assuransie Pensioenskema aan te sluit en moet 'n eerlikheidsvrywaringspolis van £500, waarop die Raad die premie sal betaal, verskaf.

Diensopsegging sal onderhewig wees aan drie maande wedersydse kennisgewing.

Die werwing van stemme by Raadslede sal 'n diskwalifikasie wees.

Op las,
G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipalekantore,
ROBERTSON.
8 Maart 1946.

BOEKHOUER. — Applikasies van bevoegde persone vir die betrekking van Boekhouer vir die Boesmanlandse Ko-operatiewe Handelsvereniging, Beperk, sal deur die ondergetekende tot WOENSDAG, 27ste MAART, 1946, ingewag word.

Applikante moet kwalifikasies, ondervinding, huwelikstaat, salaris verlang en vroegste datum waarop dienste kan aanvaar word, meld.

Gesertifiseerde afskrifte van nie minder dan twee onlangse getuigskrifte moet die aansoeke vergesel.

Van die suksesvolle applikant sal verwag word 'n waarborg-polis van minstens £250 te verskaf, die premie waarvan deur die Vereniging sal betaal word.

Alle applikasies moet gemerk wees: „BOEKHOUER."

P. J. T. DE VILLIERS,
Bestuurder.
Posbus 12, BRANDVLEI.

# Vryheidsdagvierings

## POTCHEFSTROOM

Onder blyke van groot belangstelling is Vryheidsdag te Potchefstroom op 27 Februarie gevier.

Die Jeugleier, genl. D. J. van Rooy, het eerste aan die woord gekom om verslag van die Bloemfonteinse Laertrek te doen. Hy het veral gewag gemaak van die ordelikheid en dissipline wat die vergadering deurgaans gekenmerk het en verklaar dat hierdie suurdeeg van die O.B. naderhand so sal deurwerk dat die hele volk dit sal aanvaar.

Van die saal af het die O.B. in gelid na Lindley-plein gemarsjeer waar die Vryheidsvuur aangesteek is. Vooraan het die Boerejeug met brandende fakkels 'n speerpunt gevorm terwyl die O.B.-wag die optog afgesluit het.

Na skriflesing en gebed deur ds. J. V. Coetzee, het ds. Stander aan die woord gekom, wat 'n oorsig gegee het van die gebeure wat tot die slag van Amajuba gelei het.

„Vandag is ons toestand niks erger nie," het spr. gesê. Ons moet net nie ons verwagtinge laat vaar nie. Baie van ons is geskok deur die verloop van sake, **maar in alles is die bestiering van God te sien.** Sy weë is anders waarlangs ons ons doel kan bereik en ons moet nou voortgaan met oortuigingswerk te doen en samekomste te reël sodat ons gereed kan wees vir die weg wat Hy ons wil laat bewandel.

„Die partystelsel staan 'n beleid van verdeel en heers voor, maar die Godsgedagte word in die eie Volksroeping openbaar. Al kry ons dan ook tydelike terugslae, is daar geen rede vir wanhoop nie. Dis net mense wat leeglê, wat moedeloos word. Ons moet ons geledere sluit en ons sal weer triomfeer.

## EDENVILLE

Op 27 Februarie het die twee kommando's van Edenville op die plaas van mnr. A. J. Venter saamgekom vir die viering van Vryheidsdag.

Reeds voor die tyd was al die offisiere en brandwagte teenwoordig ten einde verslag te kan ontvang van die Laertrek op Bloemfontein deur asst.-hfkomdte. J. J. Ferreira, komdte. S. J. van Niekerk en komdt. Ferreira.

Om 8-uur is met die program begin en na skriflesing en gebed deur veldkt. M. N. Slabbert, het veldkornet-kwartiermeester R. J. van Niekerk die K.G. se boodskap voorgelees. Vervolgens is 'n gepaste lesing, i.p.v. 'n toespraak gegee.

Om presies 9-uur is die vuur deur die Boerejeug aangesteek. Nadat die offisier-in-bevel die Vryheidsverklaring voorgelees het, is die bydraes, wat £20 beloop het, in die kissie gestort.

Die vergadering is afgesluit deur die sing van die volkslied en 'n gebed deur hoofkomdt. B. J. van Niekerk.

## CEDARVILLE

Op 27 Februarie l.l. het die Oos-Grikwalandse kommando weer op geskiedkundige terrein op die plaas van oom Sam de Kock, laer getrek.

Gedurende die middag het kmdte. Coetser verslag gedoen van die Laertrek te Bloemfontein. Die aanwesiges het aandagtig geluister.

Na die braaivleis het genl. Puren 'n boeiende uiteensetting gegee van die O.B.-beleid. Baie belangstellendes was aanwesig. Sy toespraak het groot opspraak in ons hele omgewing verwek.

Die Boerejeug het die kommando fluks bygestaan en die bedrag van £6 9s. ge-in. Daar het besieling uitgegaan van die Vryheidsvuur. Die mooi bedrag van £60 is ingesamel.

## BRANDVLEI

Vroeg in die môre het die kommando bymekaar gekom op die plaas Kareeboomkolk, van veldkornet A. J. Burger, snr. Die verrigtinge van die dag is begin met die sing van 'n psalm en 'n gebed deur komdt. N. Burger. Na die bevelvoerende offisier die aanwesiges welkom geheet het was braaivleis, wors, koffie en toebroodjies en jukskeispeel aan die orde van die dag.

Net na die middagete is 'n offisiersvergadering onder voorsitterskap van hoofkomdt. S. Nel gehou.

Daarna is aan die kommando onder voorsitterskap van hoofkomdt. S. Nel verslag gedoen van die Laertrek te Bloemfontein.

Die verrigtinge van die aand is begin deur skriflesing en gebed deur die kommandant en 'n toespraak oor Amajubadag deur hoofkomdt S. Nel. Na die vuur aangesteek is, is die gelofte deur hoofgenl. W. P. Burger voorgelees. Hoofkomdt. S. Nel het gesluit met gebed.

Met die storting van die offers is £37-11-0 ingesamel.

## BOSVELD

Op 27 Februarie het die Vryheidsvuur van die Bosveldkommando nogmaals hoog gebrand.

Baie getroue harte het gebrand om teenwoordig te wees maar hulle is verhinder deur die koors wat nou hoogty in die Bosveld vier.

**Van heinde en verre het brandwagte, sommige met donkiekarre — die motors het die vrede nie oorleef nie — die fees bygewoon. Die kommando is besonder uitgestrek — 150 myl in deursnee.**

Die afgevaardigde offisiere het verslag gedoen van die Laertrek te Bloemfontein. Hoofkomdt. H. du Plessis het die aanwesiges toegespreek oor die Kommunisme.

Die Boerejeug van die Bosveld is van voorneme om gedurende Juliemaand 'n jeugkamp naby Evangelina, by die warmbronne te reël.

### NOODHULPFONDS.

**GEBIED „A."**

**Vanaf 25 Januarie tot 25 Februarie 1946.**

Vriendin, Kaapstad, £1; Mev. Mocke, Beaufort-Wes, 10/-; A2b10, £4/1/-; A17b1, £2/10/-; A17b6, £3/5/-; A1a8, £3/3/6; A1a8, £3/15/-; A8b1 en A8b6, £1/7/-; A5c8, £2/10/-. **Totaal £22/1/6.**

**BOEREJEUG. — Februarie 1946.**

JA3c6. .. .. .. .. .. .. .. .. 10/-.

**GEBIED „C." — Februarie 1946.**

C10a7 (Kersfees N.H.F.), £4/8/-; C1b6, 7/6; C1b8, £1/12/6; C1b8 (Kersfees N.H.F.) 8/-; C1a8, 10/-; C6a1, £1/2/6; Staflede se bydrae vanaf Feb. 1945 tot Feb. 1946, £15/19/1. **Totaal: £24/7/7.**

**GEBIED „E." — Februarie 1946.**

E5c3, £15/5/6; E5a6, £3/12/6; E5c1, £7/6/6; E5c2, £16/13/-; E5c6, £4/18/-; E11a2, £6/18/-; E3, £5/9/6. **Totaal: £60/3/-.**

**GEBIED „F." — Februarie 1946.**

F1a1, £3/15/-; F3, £40/10/-; F3c2, £1/10/-; F4a8, £2/15/6; F4b1, £3/10/-; F4b2, £2/17/6; F4c6, £2/5/-; F4d2, 12/6; F4d7, 12/6. **Totaal: £58/8/-.**

*Vir ONS VROUE*

# *Koop U Verstandig?*

Daar is baie faktore wat bydra tot gesondheid: oefening, genoeg slaap en ontspanning, vars lug en goeie voeding is seker die belangrikste — tesame met genoeg selfdissipline, sodat jy nie alleen weet wat is die regte ding nie, maar dit ook doen.

Voeding speel 'n baie groot rol by optimale gesondheid en lewenslus, en die geluk en welvaart van die familie berus grotendeels by dié een wat die drie maaltye op 'n dag voorberei. Daar is ook verskille in die behoefte van die baba, die voorskoolse kind, die adolessent, die middeljarige, die bejaarde en die sieke — dis werklik vandag geen geringe taak om 'n suksesvolle huisvrou te wees nie: u moet insien wat die behoeftes van elke familielid is en u moet hierdie behoeftes ten volle bevredig uit beskikbare voedselsoorte; u moet verstandig kan koop, maaltye aantreklik opdis met behoud van die maksimum voedingswaarde en sorg dra dat daar niks verlore gaan nie.

Beide kind en volwassene sal baat vind by 'n diëet wat nie alleen voldoende is om die liggaam in stand te hou en te beskerm teen gebreksiektes nie, maar waarvan die kwaliteit hoog genoeg is om optimale gesondheid te verseker — d.w.s. die maksimumgesondheid waartoe 'n persoon in staat is. U moet nie alleen gesond wees nie, maar blakend gesond — u oë moet tintel van lewenslus, u moet energiek en vol lewensvreugde wees — en dit kan 'n werklikheid wees! Volop gebruik van melk en vars groente en vrugte, sover moontlik rou, is dié fundamentele konsiderasie vir optimale gesondheid omdat dit die waardevolle vitamines en minrale-soute voorsien; daardie voedingstowwe wat in sulke relatief klein hoeveelhede nodig is en tog van so groot belang in voeding is.

'n Gesonde volk is 'n sterk volk en dis alleen wanneer die Afrikanerseun en -dogter liggaamlik en geestelik gesond en sterk is dat die volk sterk sal wees.

**GROOT UITGAWE**

**Dit word bereken dat 75 pst. van die volk se inkomste deur die huisvrou bestee word vir die huishouding. Helfte tot 'n kwart van die broodwinner se inkomste word uitgegee vir voedsel: hoe kleiner die inkomste hoe hoër proporsioneel is die voedselrekening.**

Dis dus belangrik dat die huisvrou met oorleg sal koop en sorg sal dra dat sy die maksimum-waarde vir elke pennie kry, want vir meeste mense is koste die belangrikste faktor by voeding. Dit help nie om baie spaarsaam in die huis te wees en tog onversigtig te koop nie!

Maak baie seker waarvoor u betaal. Onthou daar is geen direkte verband tussen koste en voedingswaarde nie: goedkoop voedsel, b.v. graanprodukte, het dikwels hoë voedingswaarde. Koste alleen is dus 'n swak leidraad vir die moeder wat haar gesin reg wil voed, en om verstandig te kan koop, moet sy weet **watter faktore die prys van voedsel bepaal**, veral waar sy een sjieling die werk van twee moet laat doen.

**FAKTORE**

(1) Die aanvraag in verhouding met die aanbod: as die aanvraag groter is as die aanbod, is die prys hoog en omgekeerd. Hierdie faktor word egter vandag grotendeels kunsmatig beheer deur die vasstelling van pryse.

(2) Seisoen: produkte is baie goedkoper in hul seisoen. Die huisvrou behoort b.v. nou volop gebruik te maak van tamaties.

(3) Vervoer: Hierdie onkoste kom by die oorspronklike koste en die koper moet dus hiervoor vergoed. Tropiese vrugte is b.v. baie duurder in Kaapstad as in Durban. U moet dikwels ook vergoed vir koste van aflewering by die huis.

(4) Koste van produksie: Vis is goedkoper as vleis, veral naby die kus, en wel omdat vis hulself voed en net gevang hoef te word, terwyl skape en beeste lank gevoer en versorg moet word. Aartappels vereis relatief min sorg en is dus gewoonlik redelik goedkoop.

(5) Bederfbaarheid: Die koper moet vergoed vir die skade van die middelman, waar deel van 'n vrag groente b.v. bederf voordat dit op die mark kom. Aarbeie is gewoonlik duur, hoofsaaklik omdat dit so bederfbaar is en versigtige hantering vereis. Die koste van koue stoor kom ook by die oorspronklike koste.

**VERPAKKING**

(6) Metode van verkoop: Groente wat u van 'n wa in die straat direk van die produsent koop, is goedkoper as dié in 'n groentewinkel. Voedsel in pakkies is duurder as die wat u los koop, omdat u betaal vir die aantreklike houer en die verpakkingskoste — **voedsel in pakkies behou egter gewoonlik 'n beter geur, is meer sindelik en kan makliker tuis gestoor word.** Kleiner pakkies is relatief duurder as groot pakkies, maar betaal tog beter as dit moet beteken dat deel van die inhoud van die groot pak bederf voor verbruik.

(7) Aantreklikheid: Kleur, geur, grootte, vorm en tekstuur is hier van belang — groot, rooi appels is mooier as kleintjies hoewel die geur van laasgenoemde nog lekkerder mag wees. Die grootste en aantreklikste vrugte is dikwels nie die beste koop nie, ook nie die onaantreklike kleintjies waarvan u 'n groot hoeveelheid vir dieselfde prys kry nie, want hier verloor u baie in die vorm van pit en skil. **Die middelmatige grootte is gewoonlik die beste koop.** Wat u gaan koop hang natuurlik grootliks af van die doel waarvoor u dit wil hê: u kan maar klein tamatietjies koop vir stoofvleis of soep maar vir slaai is 'n bietjie groteres mooier. Hierdie faktor is ook van groot belang by die koop van vleis — sagter snitte is baie duurder as die taaier dele.

(8) Dis gewoonlik goedkoper om by die groot maat te koop, maar u moet u eie verlies en die kwessie van stoor in aanmerking neem. Suiker sal nie bederf nie, maar groente en vrugte verlep en verloor voedingswaarde, en koffie, tee en speserye verloor geur.

## *Seuntjie Oorlede*

WORCESTER. — Na 'n noodoperasie is die enigste kindjie, Canzuis, van adj. en mev. Pierre de Kock (K.W.V.-personeel) Saterdag, 9 Febr., oorlede in die ouderdom van 3½ jaar.

'n Groot skare het die begrafnis bygewoon. Ds. Cronjé het die lykrede gehou. — (Ingestuur).

## *Duitse Tegnici Na Engeland*

Die Britse regering het besluit om 200 Duitse wetenskaplikes en tegnici na Brittanje oor te bring om in raadgewende hoedanigheid op te tree.

Die doel van hierdie sending is om die beste nywerheidsvernuf uit Duitsland vir Engeland te verkry. Die regering sal hierdie persone aan die navorsingsorganisasies leen. Daar is verklaar dat hierdie Duitsers nie verantwoordelike poste sal beklee nie en dat hulle nie die Engelse arbeiders sal vervang nie.

Aan hulle sal salarisse betaal word en die Britse regering sal vir die gesinne sorg wat in Duitsland agterbly. Die manne sal egter belasting aan die Britse regering moet betaal.

# Stoor Van Voedsel In 'n Yskas

Dis belangrik dat u onthou dat die lug in die koelkas wel koud is maar nie vogtig nie — dis juis vog wat onttrek word uit die lug en voedsel wat neerslaan op die verkoeler en daar vries. **Lug in die kas is dus droog en daarom sal voedsel uitdroog of verlep as dit nie in bedekte houers geplaas word nie.**

Die temperatuur in die yskas is ook nie oral dieselfde graad nie. Gerieflshalwe verdeel ons die stoorruimte as volg:

● Binne die verkoeler self is die temperatuur die laagste en wel onder vriespunt (0—15 gr. F.). Hier stoor u gevriesde nageregte en roomys — die Amerikaners stoor ook hier gevriesde groente en vleis wat reeds daar op die mark is.

● Direk onder die verkoeler is die temperatuur die tweede laagste (34—37 gr. F.) en dit is die stoorplek van alle soorte vleis, pluimvee en vis, rou en gaar. Soms is daar vir dié doel 'n spesiale laaitjie aangebring direk onder die verkoeler. Vleis en vis is uiters bederfbaar en dis wenslik dat dit die nodige aandag sal ontvang.

● Langs die verkoeler is die temperatuur 38—40 gr. F. en dis die stoorplek van melk, room, kaas en enige dranke wat u wil laat koud word.

● Die middelste deel van die kas, d.w.s. die rak(ke) net bokant die 2 laaitjies heel onder in die kas, het 'n temperatuur van 40—43 gr. F. en hier stoor u botter, oorskietvoedsel, nageregte, oorskiet ingelegde vrugte en groente bedek met sous, bessies, pere, druiwe, eiers (in draadmandjie) en voedsel, bv. slaai wat u vooraf berei en koud wil laat word.

● Heel onder in die kas, gewoonlik in 2 laaitjies, is die temperatuur 43—45 gr. F. en dis die stoorplek van meeste groente en vrugte, b.v. groenboontjies, erte, wortels, beet, rape, blomkool, komkommers, blaargroentes, ens.

ANDER WENKE

Die volgende wenke sal sekerlik ook goed te pas kom:

● Onthou om alle papier te verwyder voordat u voedsel stoor. 'n Uitsondering op dié reël is spanspek wat u in 'n papiersak mag hou om te verhoed dat die uitstaande geur oorgedra word na ander voedsel in die kas.

● Moet **nooit** piesangs in 'n koelkas stoor nie —hou dit by kamertemperatuur en gebruik wanneer ryp, d.w.s. geel met bruin vlekke.

● Vars room en melk moet so gou moontlik in die koelkas kom om bakteriese groei te verhoed.

● Moenie slaai te lank voor die tyd berei nie omdat Vitamien A en C dan maklik verlore gaan.

● Dis 'n goeie plan om koffie in 'n digte fles in die kas te hou — dan word die geur baie beter behou as in 'n papierhouer op die spensrak.

● Alle voedsel behalwe rou vleis en sommige (harde) vrugte- en groentesoorte, moet in bedekte houers geplaas word om uitdroging te verhoed. Om vleis nie te veel te laat uitdroog nie, kan 'n stukkie botterpapier liggies bo-op gesit word. Blaarslaai en pieterselie moet u afwas en in 'n bedekte houer — 'n vrugte-inlêfles is ideaal — in die kas bêre. Dan is dit gereed as u enige tyd gou slaai wil maak — dit geld ook vir ander blaargroentes bv. seldery en spinasie. Hierdie groentes verwelk tog alte gou as dit oop weggesit word in die kas.

● Verwyder die blare van geelwortels, rape, beet en witwortels, was deeglik en verwyder oormaat water voordat u dit stoor. U onthou natuurlik dat die frisheid van hierdie blare aanduiding is van die varsheid van die produkte op die mark.

● Moenie erte uitdop voordat u dit wil gebruik nie — Vitamien C gaan verlore.

● U kan eierwit of -geel 'n tydlank in die kas hou in 'n digte fles, of u kan net 'n bietjie water bo-op die eiergeel gooi om te verhoed dat dit uitdroog.

● Kaas sal lekker klam bly as u die gesnyde oppervlakte liggies met botter smeer voordat u dit in die koelkas sit.

● Moenie lemoensap uitdruk voordat u gereed is om dit te gebruik nie — geur en Vitamien C gaan verlore as dit staan. En maak liewer die lemoene koud voordat u sap uitdruk as die sap!

● Warm voedsel moet afkoel tot kamertemperatuur voordat dit gestoor word om sodoende oorelsing van die masjien te verhoed.

● Moenie verwag dat die koelkas voedsel onbeperk vars moet hou nie — dit sal doeltreffend wees vir 'n redelike tyd maar dis beste om oorskietvoedsel so gou moontlik te gebruik.

# Geesdrif Groter In Oos-Kaapland

„Die belangstelling en geesdrif waarmee die mense na die O.B.-beleid geluister het toon dat die gedagtes van die Volksbeweging reeds diep in die lewensbeskouing van die mense ingeslaan het. Mens kan nie help om optimisties te wees nie", het genl. J. de Vos verklaar nadat hy teruggekeer het van sy onlangse reis in die Oos-Kaapland. Hy het in die plek gegaan van genl. J. A. Smith wat verhinder is.

Genl. De Vos het beklemtoon dat die O.B. finaal gebreek het met die partypolitiek en doelbewus afstuur op volkspolitiek, waar die volk sy president kies, en die beroepe en bedrywe verteenwoordiging in die staat sal ontvang. Hy het daarop gewys dat die tyd vir 'n volksfront ryp is omdat die twee groot politieke partye in die land besig is om te verbrokkel.

**„Daar is net twee politieke groepe in hierdie land wat weet wat hulle wil. Dit is die O.B. en die Kommuniste. Die keuse sal ten slotte net tussen hierdie twee groepe wees", het spr. gesê.**

Genl. De Vos se besoek aan Kirkwood het getoon dat die geesdrif van hierdie Brandwagte nog hoog brand. Dit is veral te danke aan die bekwame organisasie van genl. en komdte. Bellingan. **Die funksie wat gedurende die dag gehou is, het die mooi bedrag van £110 ingebring.**

**BUITESTANDERS STEL BELANG**

Nieteenstaande die droogte wat nog in die grootste deel van Oos-Kaapland heers, was die opkomste baie bevredigend. **In hierdie distrikte is daar veral belangstelling in die O.B.-gedagte by mense buite die O.B.-geledere.**

Op Cradock is 'n byna volledige Gebiedsraad-vergadering gehou. Die raad het sy pligte onder die nuwe organisasiestelsel aanvaar, en sy beslissings sal later bekend gemaak word sodra dit bekragtig is.

Te Despatch, Port Elizabeth, is 'n groot funksie en vergadering gehou. Dit is die eerste vergadering sedert die afgelope paar jaar en het getoon dat die O.B.-geledere hier aan die toeneem is.

## *Maatstaf Van Vyand Vir O.B.-Skap*

Onderwyl 'n paar persone verlede Sondag in Kaapstad op pad na die kerk was het hulle 'n paar Jode teengekom wat blykbaar op pad na 'n sportveld was volgens die kleredrag en uitrusting wat hulle by hulle gehad het. Toe hierdie kerkgangers by die Jode verby stap, is hulle sonder enige aanleiding toegesnou: „Sure they must be members of the Ossewabrandwag, they are going to church!"

Toevallig was van hierdie persone lede van die O.B. As dit die smaad is wat teen die O.B. se hoof gegooi en dit die maatstaf is waaraan lede van die O.B. uitgeken word, dan weet die Ossewabrandwag dat hy beslis op die regte pad is.

**Paarl Monumentale-Werke**
**(EIEN.) BPK.**
**Posbus 220 — Bredastraat**
**PAARL (K.P.)**
**SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS**
**Direkteure:**
**L. A. B. Bohlman – M. Bohlman**
**Gevestig 1898**

**MEUBELS**
**PRYSE STYG VINNIG**
**KOOP NOU!**
**Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad**
**Werda Meubelhandelaars,**
**(EIENDOMS) BEPERK**
**Groote Kerkgebou — Kaapstad**

**ONDERSTEUN ONS BLAD**



'n Gedeelte van die Kaapstadse Vrouewag.

# Mynwerkers Staak Teen Hul Bestuur

**Stakings het verlede week in 'n groot aantal goudmyne aan die Rand begin as gevolg van die skrapping van 'n werker as lid van die Mineworkers' Union deur die bestuur omdat hy agterstallig was met sy ledegeld en gevolglik kragtens die ooreenkoms met die mynbase uit sy werk geskop is.**

Aan die begin van die week was daar al meer as 6,000 mynwerkers op staking. Hulle eis 'n nuwe verkiesing van die bestuur en voer aan dat die huidige bestuur net vir die oorlogsduur en ses maande daarna aangestel was. Dit was dus reeds lankal tyd dat 'n nuwe bestuur gekies moes word.

Die meerderheid van die teruggekeerde soldate in die myne neem deel aan die staking. Na deur hulle verklaar word, is aan hulle by aansluiting in die leër gesê dat hulle nie ledegeld sal hoef te betaal vir die tyd wat hulle afwesig sal wees nie.

By hul terugkeer is egter geëis dat hulle die ledegeld oor 'n tydperk van 30 tot 40 maande sal moet inbetaal.

Die Aksiekomitee van die stakers het per telegram 'n beroep op die Eerste Minister gedoen.

# Uitlanders Verdring Landseuns

**In die drie jaar tot aan die einde van 1945 het die Spoorwegadministrasie 145 ambagsmanne van oor see in diens geneem, volgens 'n erkenning van die Minister van Vervoer.** Hy het verduidelik dat hierdie persone hul leerlingtydperk oor see gedien het. Op die vraag of die standaard van die opleiding dieselfde is as dié van Suid-Afrikaanse vakleerlinge het die Minister geantwoord dat dit nie noodwendig dieselfde is nie, maar hy vertrou dat dit in elk geval nie laer is as die Unie-standaard nie.

**Daar is op die oomblik 'n groot aantal vakleerlinge in die Spoorweë werkloos, soos blyk uit die syfers wat die betrokke Minister verstrek het.** Daar was verlede jaar 3,643 kandidate vir die vakleerlingeksamens van die Spoorwegadministrasie, en van hulle is net 171 in diens geneem.

Die Minister van Binnelandse Sake het verklaar dat die regering die invoer van vreemde geskoolde arbeiders aanmoedig, daar dit „nodig is vir die ontwikkeling van die binnelandse nywerhede".

Hierdie invoer van vreemdelinge word deur sommige lede van die South African Trades and Labour Council heelhartig ondersteun. Daar word selfs spyt uitgespreek oor die feit dat van 20,000 Britte wat tydelik gedurende die oorlog in die Unie leeggelê het, net 6,000 agtergebly het.

## Vrugtefees Op Bellville

O.B.-lede en vriende van die kommando Bellville en omliggende kommando's het Saterdagaand, 23 Februarie, gesellig byeengekom in die vorm van 'n vrugtefees aan die huis van komdte. Retief. Genl. Retief het die groot aantal gaste welkom geheet. Daarna het genl. J. de Vos die woord gevoer en verwys na die onlangse Laertrek te Bloemfontein, by watter geleentheid die K.G. en A.K.G. eenparig herkies is.

Waatlemoen en ander vrugte is in 'n groot hoeveelheid gratis bedien. 'n Groot aantal jongmense en jeugfrontlede wat teenwoordig was, het hulle besig gehou met die speel van volkspele. 'n Veiling van eetware is gehou asook 'n silwerkollekte en die mooi bedrag van £15 is ingesamel ter stywing van die vroue-kommando se fonds vir 8 Augustus.

### DIE K.G. OP CALEDON

Vervolg van bls. 1, kol. 5)

Vraag: Wat is die verskil tussen ons demokratiese stelsel en dié van oom Paul?

Antwoord: Die verskil is dat 'n blywende vyandskap daar geheel uitgesluit was. In die Transvaal was daar geen partye. Daar was wel twee kandidate vir die Presidentsverkiesing, nl. Paul Kruger en Piet Joubert. Maar nadat Piet Joubert uitgeval het, het hy nie die leier van die opposisie geword nie, maar Kommandant-generaal, 'n pos wat gelyk staan aan ons minister van Verdediging. Hulle het die tweede beste nou ook gebruik en hom nie uitgeskop nie.

### VOLKSFRONT

Vraag: Waarom is daar in 1943 nie geslaag om 'n Volksfront te bewerkstellig nie en waarom is die Gryshemde uitgesluit?

Antwoord: Dit het nie geskort by die O.B.-leiding nie. As die publiek nie van die O.B. se verkiesingsaanbod weet nie, is dit omdat dit dood geswyg is deur die pers.

In Januarie 1943 het die O.B. aan die leiers van die partye wat setels in die parlement gehad het, die aanbod gedoen dat indien hulle, nl. die H.N.P., Nuwe Orde en Afrikanerparty, onderling tot 'n ooreenkoms van 'n gesamentlike front sal raak, die O.B. sy hele organisasie sal inwerp om sulke volkskandidate te steun.

Die H.N.P. het slegs ontvangs erken van die O.B.-aanbod, maar tot vandag toe is niks verder verneem nie. Die O.B. het toe hierdie aanbod deur dié party geweier is, gevoel dat hy nie met die leiers van die ander groepe mag saamwerk en 'n wapen in die hand van een groep word teen 'n ander groep nie, omdat die O.B. 'n gesamentlike optrede teen die Empire verlang.

Aan die K.G. is 'n skildery, wat deur die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, geskilder is, oorhandig.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk Groote Kerkgebou 703, Kerkplein

# „Ek Gee Voorkeur Aan Vlugtelinge"

## „Liefde" vir Soldate Begin Afkoel

**Nou dat dit vir die regering duidelik begin word dat die teruggekeerde soldaat met gramskap vervul is teen die huidige bewind, ondervind die soldate 'n toenemende mate van kwaadwilligheid van die kant van die oorlogsaanblasers.**

So berig die Star dat soldate onbeskof en onsimpatiek behandel word wanneer hulle by die betrokke kantore aanklop om hulp of vorms wat hulle moet invul.

In een geval het 'n vrou van 'n diensdoende soldaat, wat al sewe maande lank in 'n naturellebediende-kamer woon met haar vierjarige dogtertjie, die betrokke owerheid gebel om woonplek.

Die beampte het haar gevra waar sy nou woon. Toe sy sê dat sy al sewe maande lank in 'n naturellekamertjie bly, was sy antwoord:

„As dit goed genoeg was vir jou vir sewe maande, waarom bly jy nie daarin tot jou man ontslaan word nie?"

### NOU VLUGTELINGE

Voorheen het huiseienaars gewoonlik voorkeur gegee aan soldate by die verhuur van wonings of woonstelle. Dit is nie meer die geval nie. 'n Kaptein wat so pas uit die leër ontslaan is, het kort gelede 'n huiseienaar in Kaapstad gaan spreek oor 'n plek. Die eienaar het hom gevra of hy 'n „vlugteling" is. Hy het geantwoord dat hy 'n offisier is wat in die buiteland diens gedoen het.

„Jammer, dan het ek nie plek nie. Ek gee voorkeur aan 'n vlugteling," het die dikkert geantwoord.

Onnodig om te sê dat die offisier hom 'n klap gegee het, maar dit het hom nog nie aan 'n huis gehelp nie.

### SLEUTELREG

Dieselfde persoon het op 'n ander plek aansoek gedoen om die huur van 'n huis. Die eienaar het hom £150 gevra vir die reg op die sleutel! Hy het na die polisie gestap, maar omdat daar geen konkrete bewys of getuies was nie, kon die saak nie opgevolg word nie.

In 'n ander geval is aan 'n offisier met 'n vrou en kind „werk gegee" teen die koninklike salaris van £10 per maand. Hy kon natuurlik nie daarmee uitkom nie, en het by die Goewerneur-generaalfonds gaan aansoek doen om 'n lening waarmee hy 'n besigheidjie wou begin. Dit is hom geweier „omdat hy mos werk het"!

*BELANGRIK vir elke DENKENDE AFRIKANER:*

Eerste Nuustydskrif in Afrikaans

*Verskyn WEEKLIKS vanaf April*

**WAPENSKOU**

Teken nou in by: WAPENSKOU, Posbus 28, Stellenbosch (12/6 per jaar)

**GOEIE NUUS**

SANLAM kondig met genoeë aan dat sy Bonus vanjaar verklaar is teen die vooroorlogse tarief van

**£2%**

(Jaarliks Saamgesteld)

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY., BPK.

HOOFKANTOOR, WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD